




STREEK VAALRIVIER



***DIE KEKKELBEK
AUGUSTUS/SEPTEMBER 2021***



NUWE BESTUURSLEDE VAN STREEK VAALRIVIER



VOORSITTER
Jacques Roux

SELFOON NO:
083-704 4900

E-POS ADRES:
jacquesr@petroindustrial.
co.za



**ONDER-
VOORSITTER**
Eugène Botha

SELFOON NO:
82-740 7378

E-POS ADRES:
eugene.botha@geniegenius.
co.za



SEKRETARESSE
REDAKSIE
Louise van Zyl

SELFOON NO:
083-447 5784

E-POS ADRES:
sekretaresse.vaalrivier@
gmail.com



**PENNING-
MEESTER**
Elize v d Schyff

SELFOON NO:
072-205 9681

E-POS ADRES:
sawa.vaalpenning@
gmail.com



TEGNIESE
**VERTEEN-
WOORDIGER**
Jacques van Zyl

SELFOON NO:
083-546 9696

E-POS ADRES:
jacques@infinitegroup.
co.za

INHOUDSOPGAWE



- * **Inleiding**
- * **Boodskap van ons nuwe Voorster**
- * **Die Sekretaresses se boodskap**
- * **41ste AJV - 2021**
- * **Lief en Leed**
- * **Vir Oud en Jonk – 'n sielvolle boodskap**
- * **Afsluiting**



BLOEKOMPOORT : 27 – 29 AUGUSTUS 2021

INLEIDING



For flowers that bloom about our feet;
For tender grass, so fresh, so sweet;
For song of bird, and hum of bee;
For all things fair we hear or see,
Father in heaven, we thank Thee!

—Ralph Waldo Emerson



BOODSKAP VAN ONS NUWE VOORSITTER

Liewe SAWA-vriende,

Ek vertrou dit gaan goed met elkeen van julle.

Die lente is hier en nou is n mens ekstra lus vir kamp. Buite in die natuur met vars lug en groenigheid wat orals sy verskyning maak.

Ek wil almal bedank wat saam met ons by Bloekompoort gekamp het en ook die lede wat net vir Saterdag deurgekom het vir die vergadering. Dit was was rereg verblydend om die goeie gees onder die lede te sien. Die naweek het lekker begin, maar Saterdagmiddag het die koue vir oulaas sy tande kom wys. Maar dit het nie lede se geesdrif gedemp nie en het ons lekker saam gebraai, gekuier en later ook gedans tot laat aand toe. Baie dankie aan Jacques dat hy vir ons die musiek gemaak. Ook baie dankie aan al die dames wat die naweek se reëlings help tref het en seker gemaak het alles in die saal loop reg.

Ek wil weer eens dankie sê vir almal se ondersteuning en ook welkom sê aan die nuwe bestuur. Ek sien uit daarna om saam met elkeen van julle te werk. Ek glo ons gaan goed saamwerk en baie lekker kampe reël die jaar. Ek vra dat ons die kampe sal ondersteun en dat Vaalrivier weer soos in die verlede die klub sal raak met die beste gees.

Ek bid elkeen van julle gesondheid, geluk, vreugde en liefde toe.

Tot ek julle weer sien by die volgende kamp.

Groete,

Jacques



DIE SEKRETARESE SE NOTAS

Hallo Vaalrivier-vriende,

Dit voel soos eeue gelede wat ons laas gekommunikeer het. Ek vertrou dat ons gedurende die komende jaar veel meer samekomste sal kan hê en weer die vriendskapsbande sal kan optel en styf trek.

Ons pas afgelope AJV-saamtrek te Bloekompoort het baie goed verloop, ons moes diep delf om genoeg warm klere bymekaar te kry, maar ons het vasgebyt, al was dit klappertand.

Ek wil graag vir Jacques Roux, ons nuwe Voorsitter, geluk en baie voorspoed toewens. Ons het reeds die afgelope jaar saamgewerk en ek kan julle verseker, hy doen sy bes. Jacques moes vanaf April die Voorsitterstoel vul toe Henry en Wilma vir drie maande met verlof gegaan het. Toe Henry en Wilma albei siek word en Henry nie betrokke kon wees nie, het Jacques maar net voortgegaan soos 'n ou hand. Jacques, dit is werklikwaar 'n groot plesier om saam met jou te werk en te poog om die pligte vir jou ietwat makliker te maak.

Vir ons nuwe Onder-voorsitter, Eugène Botha, baie welkom en ons wens jou baie voorspoed toe vir die komende jaar. Mag dit vir jou ook 'n aangename ondervinding wees.

Aan Henry Hartsliet, ons uitgetrede Voorsitter, eerstens wil ons ons dank betuig aan ons Hemelse Vader dat beide Henry en Wilma vir ons gespaar is en tans besig is om te herstel. Dit was lekker om julle weer na soveel maande by die AJV te sien, al het ons die hele tyd oor die suurstoftou getrap. Baie dankie vir al jou geduld met ons klompie en jou wyse woorde wat ons op die regte spoor gehou het.

Aan ons nuwe Tegniese Verteenwoordiger, Jacques van Zyl, baie welkom terug in die bestuur, jy is mos ook al 'n ou hand. Aan Johan van der Schyff, ons uitgetrede Tegniese Verteenwoordiger, dankie vir jou vriendelike samewerking.

Elize, ek en jy is nou al ou hande op die bestuur, maar dis net die hande, die res is nog nie oud of koud nie, ons sien kans vir die uitdagings wat op ons wag.

En vir die Vaalrivier vriende, groete tot ons volgende kamp.

Louise

KAMPNAWEEK EN AJV TE BLOEKOMPOORT

27 – 29 AUGUSTUS 2021

Sommer vroeg Vrydagoggend het die eerste woonwaens by Bloekompoort opgedaag. Ons was lus vir kamp. Die weer was nie te sleg nie en die “canopies” is gou-gou uitgehaal en opgeslaan.



Klaar opgeslaan, poegaai, nou eers uitrus.

Ons het so lank laas tente opgeslaan, dit was omtrent harde werk. ‘n Lekker rustige sit in die son was die beste oplossing.

Vir Vrydagaand was worsbroodjies op die spyskaart. Die vuur is aan die brand gesteeek vir kole en die wors is nadergetrek.



Die braaiers



Die broodjemakers



Soos gewoonlik was ons “dj” weer op sy pos.



Lekker man, lekker!!
Hallo SAWA- vriende,

Buite was dit maar lekker koud en het die meeste mense in die saal saamgekuier. Daar was gou-gou plan gemaak om bietjie warmte in die lyf te kry.



Vaalrivierlede, soos julle kan sien, is julle in goeie hande vir die komende jaar. Die bestuur is baie handig

En die lekker dansmusiek het die litte los gehou



Met lekker musiek in die agtergrond en glasies wat deur Elize en Johan volgehou is, het ons tot slaaptid gekuier. Party glasies was nie so lekker nie, ek sal nooit weer 'n "tjoppie" drink nie. Een keer was oorgenoeg! Gelukkig het die springbokkie my weer reggeruk.



Saterdagoggend het koud aangebreek, maar daar was sommer vroeg-vroeg vere reggeskud vir die AJV wat om 11h00 begin. En ons

kon nie slap lê nie, ons waarnemende Gebiedsvorsitter kom saam met ons vergadering hou, so ons moes ons beste voetjies vorsit.



Dit was 'n aangename verrassing om Henry en Wilma by die vergadering teenwoordig te hê. Ons moes net mooi trap om Henry se suurstoefvoerpypie te mis.



Die opkoms by die vergadering was bo verwagting goed. Ons is baie dankbaar vir elke lid se ondersteuning.



Maak nie saak wie of wat jy is nie, by Vaalrivier is ons bly oor almal se teenwoordigheid.

Die Waarnemende Voorsitter open die vergadering.



Die gasspreker was Frans van der Linde, 'n oud-Voorsitter van Vaalrivier. Frans deel 'n paar staaltjies en wys hede van die tye toe Vaalrivier van NOV5 afgestig het en gegroei het tot 'n streek met 'n enorme ledetal.



Die huidige bestuur word ontbind en die nuwe bestuur neem hul plekke in.



Henry oorhandig spesiale toekennings aan die uittredende bestuurs- en addisionele lede



STREEK MERIETE TOEKENNINGS WORD UITGEDEEL



Jacques Roux
Onder- en Waarnemende Voorzitter



Elize van der Schyff
Penningmeester



Johan van der Schyff
Tegniese Verteenwoordiger



Sonja Roux
Addisionele Lid



Jacques van Zyl
Addisionele Lid



Dorothy Pretorius vir haar bydrae tot die 40ste verjaardagfunksie

'n Streek Meriete Toekening is ook aan Rian van Zyl toegeken vir verskeie skenkings en bydraes aan Streek Vaalrivier gedurende die afgelope jaar. Rian was egter nie teenwoordig nie en sy toekening sal op 'n later stadium aan hom oorhandig word.

PERSENTASIE BYWONING TOEKENNINGS

60% BYWONING



Johan & Elize vd Schyff



Beverley Ferreira



Frans & Miemie vd Linde



Zandry & Elize v Rooyen



Eugéne & Jolandi Botha



Garath Ferreira

Kobus & Eileen Bezuidenhout en Anton & Joey Delpont kwalifiseer ook vir 'n 60% bywoningstoekening. Beide gesinne was egter nie teenwoordig nie. Hul toekennings sal op 'n later geleentheid aan hulle oorhandig word.

80% BYWONING



Henry & Wilma Hartsliet



Dorothy Pretorius



Dries & Louise vd Linde



André & Petro v Niekerk



Kobus & Zelda Botha

Reney & Susan Connaway kwalifiseer ook vir 80% bywoning. Ons sal op 'n later geleentheid die toekenning aan Susan oorhandig.

100% BYWONING



Jacques & Sonja Roux



Willie & Louise v Zyl



Jacques & Lizelle v Zyl

TOEKENNING VIR UITSONDERLIKE TOEWYDING

'n Nuwe toekenning is deur die bestuur ontwerp om erkenning aan lede te gee vir buitengewone bydrae. Dit word hierdie jaar vir die eerste keer toegeken aan twee lede wie gereeld voor kampe skakel en vra of enige hulp of bydrae nodig is en waarmee hulle behulpsaam kan wees.



Petro van Niekerk & Elize van Rooyen

STREEK ERETOEKENING HOËR GRAAD

Hierdie toekenning word aan 'n lid oorhandig vir besondere diens aan sy/haar streek oor 'n lang tydperk. 'n Lid moet alreeds drie jaar vantevore die Streek Eretoekenning ontvang het om vir hierdie toekenning te kwalifiseer. Beide begunstigdes het vantevore ook op Vaalrivier Bestuur gedien vir verskeie jare.



Henry Hartsliet



Louise van Zyl

Twee spesiale Vaalrivier trofeë wat vir verskeie jare nie aan lede toegeken was nie, word hierdie jaar wel toegeken aan die volgende lede:

TROFEE VIR DIE BESTE GEES BY KAMPE



Johan van der Schyff

VAALRIVIER LID VAN DIE JAAR



Louise van Zyl

Dit was vir ons 'n voorreg om die waarnemende Gebiedsvorsitter van Gebied Vaaldriehoek, Koos Boshoff en sy gade, Elize, by ons AJV te verwelkom. Koos het verskeie besprekingspunte wat gedurende die volgende jaar aandag sal geniet, aangeraak. Hierdie punte sal op 'n later geleentheid met die lede gedeel word.



Met die baie toekennings wat ontvang is, het dit omtrent soos Kersfees gevoel. Daar was egter nog een gelukkige persoon vir wie daar 'n verrassing gewag het. Petro van Niekerk was die wenner van die Julie lootjie en het dit in ontvangs geneem. Geluk Petro!!



Met al die verrigtinge van die AJV afgehandel, was dit tyd om te ontspan met heerlike versnaperinge wat vir ons deur die oord voorberei is.



Na afloop van die AJV het almal die son gaan opsoek. Soos julle kan sien, was dit maar kouerig.



Saterdagagaand was KOUD! Vuur is gemaak om vleis te braai en slaaie is voorsien. Almal het weer eens met hul vleisie saal toe gegaan om te eet en rondom die tafels te kuier. 'n Koue nag het voorgelê.



Sondagoggend het nog kouer aangebreek. Casper Muller het die erediens waargeneem waarna almal vir 'n ontbyt in die eetlokaal van die oord aangesit het.



Met almal trommeldik geëet, was dit tyd vir afsluiting. En sowaar, daar word weer geskenke uitgedeel! Beverley was die wenner van die Augustus lootjie – die messesetel. Geluk Bev! Jy wou dit so graag wen!



Frans en Miemie van der Linde ontvang hul toekennings vir 190 en 200 streeksaamtrefke op hul kerfstok. Baie geluk aan julle!



Die kampkommandante vir die naweek



Statistieke vir die naweek:

Slegs 9 woonwaens het die AJV-saamtrek bygewoon.

11 lede was slegs Saterdag teenwoordig vir bywoning van die AJV. Ons waardeer dit dat julle bereid was om die bestuur te ondersteun met jul teenwoordigheid by die AJV.

So het 'n koue naweek tot sy einde gekom. Al wat oorgebly het, was om die tentpenne uit te trek en die seile te laat sak.



LIEF EN LEED



VERLOWING:

Kobus en Zelda Botha se dogter, Nadia, het onlangs verloof geraak. Baie geluk!

Dries en Louise van der Linde vier op 3 September hul 44ste huweliksherenking.

Verjaardae in September:

09	Eugéne Botha Louis Pretorius
15	Corrie Pretorius
23	Johan van der Schyff
27	Barbara Kamffer
28	Elize van der Schyff
29	Logan van In

Daar is nuwe kleinkinders op pad vir: Anton & Joey Delpport asook vir Leon Delpport. Baie geluk aan julle!



INNIGE MEEGEVOEL

Elize van Rooyen se moeder is op Saterdag 04 September oorlede.

Christa van Arkel se broer is in ICU met Covid. Dit begin nou beter gaan met hom. Sy vrou is egter oorlede aan Covid.

Baie sterkte word julle toegebied.

LIEFDE KOS NIKS



'n Boer het 'n paar babahondjies gehad wat hy wou verkoop. Hy verf toe 'n advertensieplakkaat en hang dit teen die plaashek by die ingang na sy plaas. Terwyl hy nog besig is om die plakkaat vas te slaan, voel hy skielik iemand trek aan sy baadjie. Hy kyk om, vas in die oë van 'n klein seuntjie.

“Oom, ek wil graag een van oom se klein hondjies koop”.
“Wel”, sê die boer, “hierdie hondjies het 'n baie goeie pappa en mamma en hulle kos nogal duur, Seun”. Die seuntjie laat sak sy kop en dink vir 'n oomblik.

Toe druk hy sy handjie diep in sy broeksak en kom met 'n handvol kleingeld te voorskyn. “Sal hierdie genoeg wees dat ek net na hulle kan kyk asseblief Oom?” vra hy. “Ja, seker”, sê die boer. En met 'n fluit roep hy: “Kom Lady, kom wys jou kinders!”

Uit die hondehok kom Lady, met vier bondeltjies lomp-lomp agterna. Die seuntjie druk sy gesiggie styf teen die draad vas. Sy ogies blink van pure opgewondenheid. Die hondjies is al amper by die draad toe die seuntjie nog iets by die hondehok sien roer. Stadig kom nog 'n bondeltjie te voorskyn, heelwat kleiner as die ander hondjies. Met 'n mank, sukkelende drafstappie begin die laaste klein hondjie naderkom. Hy probeer sy bes om die ander in te haal. “Ek wil hom graag hê, Oom!” sê die seuntjie en wys met sy vinger na die kreupel hondjie. Die boer kniel langs die seuntjie en sê: “Seun, jy wil nie daardie hondjie hê nie. Hy sal nooit kan hardloop en met jou speel soos die ander hondjies nie”. Die seuntjie staan terug van die draad af en begin sy broekpype oprol. Stadig begin twee kunsbeentjies wys wat met 'n stut vas is en eindig in twee kunsskoene. “Oom Boer sien, ek kan self ook nie te lekker hardloop nie en hy sal iemand nodig hê wat dit kan verstaan.”

Met trane in sy oë tel die boer die kreupel hondjie op en gee hom versigtig vir die seuntjie oor die draad aan. “Hoeveel kos hy, Oom?” vra die seuntjie. “Hy is verniet, seun. Hy kos jou niks. **Liefde kos niks.**”

Al is ons swak of het 'n gebrek, tel ons nog steeds vir God. Ons Koning en Verlosser was ook gewond en verniel, daarom stel Hy ook belang in die afvlerk, gebrekkige en gebroke mense. Moenie alleen voel nie, reik uit na God, dis waar jou hulp vandaan kom. Al gebeur dit dat jy nie saam met die res van die wêreld op spoed kan beweeg nie, is daar steeds iemand aan wie jy vreugde kan verskaf. Sy naam is Jesus Christus.



AFSLUITING

Ons vertrou dat julle dit geniet het om die AJV en die hele kampnaweek saam met ons te kon beleef. Aangesien die boekie reeds lywig is, staan die resepte en ander items hierdie keer oor. Ons sal met die volgende Kekkelbek weer opvang.

Baie dankie vir almal se terugvoering oor ons kampprogram vir 2022. Ons sal dit in ag neem met die beplanning. Reëlings vir die volgende saamtrek sal binnekort deurgegee word. Intussen, bly veilig en gesond.



Laaste maar nie die minste nie, baie dankie aan my kameran en –seun, Willie en Jacques van Zyl, vir die mooi foto's wat julle vir my beskikbaar stel. Julle is tops!! Sonder die mooi foto's is ons Kekkelbek onvoltooid.

Fluit, fluit my storie is uit. Groete en hou die moraal en bekers hoog.

